# KONINKRYK. LES 11

| 1 | **GEBED** |
|---|---|

*Bid* vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem.
Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

| 2 | **UITWISSELING** (20 minute) ***[STILTETYE]*** **2 SAMUËL 2, 5, 6 en 7** |
|---|---|

***Maak beurte en vertel/deel (of lees )kortliks*** wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (2 Samuël 2, 5, 6 en 7). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

| 3 | **MEMORISERING** (5 minute) ***[SLEUTELVERSE IN ROMEINE]*** **(5) ROMEINE 3:28** |
|---|---|

***Herhaal*** twee aan twee:
**(5) Romeine 3:28.** Ons betoog is tog dat 'n mens vrygespreek word omdat hy glo, nie omdat hy die wet onderhou nie.

| 4 | **ONDERRIG** (85 minute) ***[DIE GELYKENISSE VAN JESUS]*** **DIE SKAT IN DIE SAAILAND EN DIE BAIE WAARDEVOLLE PÊREL** |
|---|---|

**"Die gelykenis van die skat in die saailand" in Matteus 13:44**
**en "die gelykenis van die baie waardevolle pêrel" in Matteus 13:45-46 is gelykenisse oor**
**DIE KOSTE OM IN DIE KONINKRYK VAN GOD IN TE GAAN.**

"'n Gelykenis" is 'n aardse verhaal met 'n hemelse betekenis. Dit is 'n lewensgetroue verhaal of 'n illustrasie wat ontwerp is om 'n geestelike waarheid te leer. Jesus het gebruik gemaak van die gewone dinge en alledaagse gebeurtenisse om lig te werp op die geheimenisse van die Koninkryk van God en om mense te konfronteer met die werklikhede van hul situasie en die noodsaak van hul verandering.

Ons bestudeer hierdie gelykenis m.b.v. die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse
(Sien handleiding 9, supplement 1).

---

## A. DIE GELYKENIS VAN DIE SKAT IN DIE SAAILAND

*Lees* Matteus 13:44.

### 1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

***Inleiding.*** Die gelykenis word in figuurlike taal vertel en die geestelike betekenis van die gelykenis word hierop gebaseer. Daarom bestudeer ons eers die woorde en die kulturele en histories feite van die agtergrond van die verhaal.
***Bespreek.*** Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?
***Aantekeninge.***

Die beeld is van 'n man wat onverwags 'n skat in 'n saailand vind terwyl hy besig was om te grawe. Die verhaal vertel nie wie die skat daar begrawe het nie en ook nie waarom daar 'n skat begrawe was. Maar as gevolg van oorloë, rowers en diewe het mense dikwels hul waardevolle besittings in die grond begrawe. Miskien was hierdie man al dood voordat hy kon vertel waar hy die skat begrawe het.

Iemand anders was nou die eienaar van die saailand. Die grawer het onverwags op hierdie skat afgekom. Die verhaal vertel nie hoekom hierdie man gegrawe het in 'n saailand wat nie aan hom behoort nie. En moontlikheid is dat hy die saailand gehuur het en as pagter 'n deel van die oes aan die eienaar moes afstaan. Die man was nie van plan om die skat te steel nie. Hy het besef dat hy eers die saailand sou moes koop voordat hy op die skat aanspraak kon maak. Hy het die gat toegegooi en alles verkoop wat hy gehad het om hierdie saailand te koop. Al het dit alles gekos wat hy besit het, was hy bly om hierdie skat in besit te neem.

---

## 2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

***Inleiding.*** Die verband van die "verhaal" van die gelykenis kan bestaan uit "die agtergrond" en "die uitleg of toepassing" van die gelykenis. Die agtergrond van die gelykenis verwys na *die aanleiding* (rede) om die verhaal te vertel, of beskryf *die omstandighede* toe die verhaal vertel is. Die aanleiding word gewoonlik *vóór die verhaal* gevind en die uitleg of toepassing word gewoonlik *ná die verhaal* gevind.
***Ontdek en bespreek.*** Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?
***Aantekeninge.***

**(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Matteus 13:36-43.**

Hierdie gelykenis word vertel na aanleiding van die gelykenis van die onkruis tussen die koring. Daarom kom ons tot die konklusie dat hierdie gelykenis nie aan die skare vertel is nie, maar alleen aan die dissipels. Die doel van hierdie gelykenis was om 'n belangrike waarheid te openbaar en nie soos 'n raaisel om iets te verberg nie (sien Matteus 13:10-13)!

**(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Matteus 13:44.**

**(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis.**

Jesus het hierdie gelykenis nie verklaar nie. Daarom moet die uitleg uit die verhaal en uit die verband afgelei word (Sien C).

---

## 3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

***Inleiding.*** Jesus het nie bedoel dat elke besonderheid (detail) in 'n gelykenis noodsaaklik 'n geestelike betekenis moet hê nie! Gelykenisse is nie allegorieë nie. Die relevante besonderhede in die verhaal van 'n gelykenis versterk die sentrale gedagte, die hooftema of die les van die gelykenis. Daarom moet ons nie aan elke besonderheid van die verhaal van 'n gelykenis 'n geestelike betekenis toeskryf nie!
***Ontdek en bespreek.*** Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?
***Aantekeninge.***

**Die Koninkryk van God.** Die Koninkryk van God is van ewigheid tot ewigheid die koningskap of soewereine heerskappy van God oor almal en alles (Psalm 24:1; 145:13). Meer spesifiek is die Koninkryk van God die koningskap of soewereine heerskappy van God deur Jesus Christus (Matteus 28:18) en is gebaseer op die volbragte verlossingswerk van Jesus Christus (Handelinge 2:36) en die toepassing daarvan in gelowiges deur die Heilige Gees (Romeine 14:17). Die Koninkryk van God word erken in die harte van gelowiges (Lukas 17:20-21) en is werksaam in hul lewens. Die Koninkryk van God word op vier sigbare terreine gemanifesteer: in die verlossing van gelowiges van begin tot einde (Markus 10:25-26), in die samevoeging van alle gelowiges in één Kerk/Gemeente op die aarde (Matteus 16:18-19), in die goeie werke (invloed) van gelowiges op elke gebied in die menslike maatskappy (Matteus 25:34-40), en ten slotte in die bevryde heelal wat bestaan uit die nuwe hemel en die nuwe aarde by die wederkoms van Jesus Christus (1 Korintiërs 15:24-26).

Dus, die Koninkryk van God word sigbaar wanneer 'n mens verlos word, 'n aktiewe lidmaat van 'n christelike gemeente (of huisgemeente) word en deel kry aan één van die baie moontlike bedieninge in God se Koninkryk.
Elke keer as Jesus sê: "Die Koninkryk van God is *soos* ...." leer Hy ons wat daar gebeur in die teenswoordige tyd wat God heers en wat daar in die toekoms sal gebeur wanneer die Koninkryk van God in sy definitiewe fase (vorm) by die wederkoms van Christus tot stand kom. Op die laaste oordeelsdag sal alles wat in die gelykenisse geskrywe staan al gebeur het. Dit beteken dat mense wat vandag lewe deelnemers is van die gebeurtenisse wat in die gelykenisse beskrywe staan! Elke gelykenis van Jesus Christus het 'n boodskap vir jou en my vandag!!!

**Die skat.** Die skat is die essensiële of relevante detail in die gelykenis, omdat die skat *die Koninkryk van God van grote waarde* verteenwoordig.

**Die saailand.** Sommige uitleggers dink dat "die saailand" die Bybel verteenwoordig, maar dit is onjuis, omdat die lees van die Bybel nie die enige manier is om die Koninkryk van God te ontdek nie! Byvoorbeeld, die apostel Paulus was nie besig om die Bybel te lees toe hy die Koninkryk van God ontdek het nie. God maak gebruik van verskillende maniere om mense te lei tot die ontdekking van die Koninkryk van God. Dus is "die saailand" alleen maar 'n onderdeel van die verhaal en het geen spesiale betekenis nie.

---

## 4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

***Inleiding.*** Die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Uit hoe Jesus self sy gelykenisse uitlê of toepas, weet ons hoe ons gelykenisse moet uitlê. *'n Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één sentrale les*. Daarom moet ons nie probeer om 'n geestelike waarheid in elke besonderheid van die verhaal van die gelykenis te vind nie. Dus, bepaal die belangrike boodskap van 'n gelykenis.
***Bespreek.*** Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?
***Aantekeninge.***

**Die gelykenis van die skat in die saailand in Matteus 13:44 is 'n gelykenis oor "die koste om in die Koninkryk van God in te gaan".**

**Die belangrike boodskap van die gelykenis is die volgende: "Die Koninkryk van God is 'n kosbaar skat en 'n mens wat dit vind, moet bereid wees om alles op te gee wat die verkryging daarvan in die pad staan."**

Die waarde van ingaan in die Koninkryk van God is so groot dat elke offer die moeite werd. Die skat in die saailand is baie meer werd as die prys wat betaal moet word om die saailand aan te koop. "Die Koninkryk van God" is die koningskap van Jesus Christus in die hart en lewe van die Christen. "Ingaan in die Koninkryk van God" beteken deur die genade van God en jou geloof gered (verlos) word (Markus 10:24-26; Handelinge 16:31) en op hierdie weg jou lewe te onderwerp aan die soewereine heerskappy van Christus. Die koninkryk van God verkry of ingaan in die koninkryk van God is meer werd as wat jy ook al besit of kan doen.

Die ingaan in die Koninkryk van God is één van die fundamentele kenmerke van die onderrig van Jesus Christus aangaande die Koninkryk van God. Dit is absoluut essensieel vir verlossing! Die Koninkryk van God is so waardevol dat jy baie graag wil ingaan. Jy is bereid om jouself en jou hele lewe oor te gee aan Jesus Christus.

---

## 5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

***Inleiding.*** Sommige gelykenisse het ooreenkomste en kan met mekaar vergelyk word. Maar die waarheid in alle gelykenisse het vergelykbare waarhede wat in andere Bybelgedeeltes geleer word. Probeer om die belangrikste verwysings in die Bybel te vind wat jou help om die gelykenis uit te lê. Vergelyk altyd die uitleg van 'n gelykenis met die direkte en duidelike onderrig van die Bybel.
***Ontdek en bespreek.*** Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?
***Aantekeninge.***

**Johannes 1:45-51.** Natanael het die skat van die Koninkryk van God ontdek toe Filippus hom vertel het dat 'n paar dissipels die Messias gevind het. Eers was Natanael skepties en het hy getwyfel. Hoe kan iets goeds uit 'n slegte gebied soos galilea (Nasaret) voortkom? Maar Filippus het hom uitgedaag met die woorde, "Kom kyk." Toe Jesus aan Natanael vertel dat nog voor Filippus hom geroep het, Hy hom onder sy vyeboom sien sit het, het Natanael besef dat Jesus Christus inderdaad die Messias was. Natanael *het sy skeptisisme en twyfel opgegee* om 'n volgeling van Jesus Christus te word. Dit was die koste vir Natanael om in die Koninkryk van God in te gaan.

**Johannes 4:1-40.** Die Samaritaanse vrou het die skat van die Koninkryk van God ontdek toe Jesus haar by die waterput ontmoet het. Eers het sy die waarheid oor haar sondige lewe ontwyk deur die onderwerp onder bespreking te verander. Maar toe Jesus aan haar vertel dat Hy die Messias was, kon sy nie langer die waarheid ontwyk nie en haar werklike sondige lewe bly wegvlug nie. Die Samaritaanse vrou *het haar skaamte vir haar sondes in die verlede en haar angs om ontdek te word opgegee* om 'n volgeling van Jesus Christus te word. Dit was die koste vir die Samaritaanse vrou om in die Koninkryk van God in te gaan.

**Johannes hoofstuk 9.** Die blindgebore man het die skat van die Koninkryk van God ontdek toe Jesus Christus hom van sy blindheid genees het. Eers was hy 'n Jood en lid van die sinagoge. Die Jode het gedink dat hy blindgebore was as gevolg van sy eie sondes of die sondes van sy ouers. Maar toe Jesus Christus sê dat hy blind was sodat die werke wat God doen , in hom gesien sal kan word, het hy besef dat Jesus Christus die Lig van die wêreld was. Die blindgebore man was *bereid om uit die sinagoge gegooi te word en in die openbaar deur die godsdienstige leiers van die Jode beledig te word* om 'n volgeling van Jesus Christus te word. Dit was die koste vir die blindgebore man om in die Koninkryk van God in te gaan.

**Handelinge 9:1-19; Filippense 3:7-9.** Die apostel Paulus het die skat van die Koninkryk van God ontdek toe Jesus Christus hom persoonlik ontmoet het op die pad na Damaskus. Eers het Paulus Christene vervolg deur hulle in die gevangenis te gooi en vir hul doodstraf te stem. Maar toe hy Jesus Christus ontmoet het, het hy besef dat hy 'n slegte mens was en dat Jesus Christus inderdaad die Messias en Verlosser van die wêreld was. Die apostel Paulus was *bereid om onmiddellik sy hoë posisie as Fariseër, skrifgeleerde in Israel en waarskynlik ook lid van die Sanhedrin op te gee* om 'n volgeling van Jesus Christus te word. Hy het met sy vervolging gestop , die kant van Jesus Christus gekies en die evangelie verkondig aan sy eie mense en mense van ander volke. Dit was die koste vir die apostel Paulus om in die Koninkryk van God in te gaan.

**Handelinge 16:25-34.** Die bewaarder van die gevangenis in Filippi het die skat van die Koninkryk van God ontdek toe hy sien hoe 'n aardbewing die tronk oopbreek en die kettings van die gevangenes gebreek het. Eers wou hy selfmoord pleeg, maar toe hy besef dat geen gevangene geprobeer het om te ontsnap nie, wou hy graag die boodskap van die evangelie hoor. Die bewaarder was onmiddellik bereid om te doen wat reg is *en het openlik die wonde van sy gevangenes versorg om 'n volgeling van Jesus Christus te word*. Dit was die koste vir die bewaarder om in die Koninkryk van God in te gaan.

## B. DIE GELYKENIS VAN DIE BAIE WAARDEVOLLE PÊREL

***Lees*** Matteus 13:45-46.

### 1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

***Bespreek.*** Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?
***Aantekeninge.***

Die beeld is van ’n koopman wat kosbare pêrels gesoek het. Pêrels was ’n baie kosbare besit. Alleen baie ryk mense kon dit bekostig om ’n pêrel te koop. Veral die pêrels wat uit die Persiese Golf en die Indiese Oseaan gekom het, was baie waardevol, ver bo wat ’n gemiddelde koper sou kon betaal. Hy was nog nie tevrede oor die pêrels wat hy al gekoop het. En daarom het hy gesoek na ’n baie waardevolle pêrel. Uiteindelik het hy daarin geslaag om so ’n pêrel te vind. Die koopman het alles wat hy besit het verkoop om daardie waardevolle pêrel te kon koop.

---

### 2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

***Ontdek en bespreek.*** Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?
***Aantekeninge.***

**(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Matteus 13:36-43.**
Jess het hierdie gelykenis vertel nadat hy die gelykenis van die onkruid tussen die koring vertel het. Daarom kom ons tot die konklusie dat hierdie gelykenis nie aan die skare vertel het nie, maar alleen aan sy dissipels. Die doel van hierdie gelykenis was ook om iets te openbaar en nie om iets te verberg nie (sien Matteus 13:10-13).

**(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Matteus 13:45-46.**

**(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis.**
Jesus verklaar nie hierdie gelykenis nie. Die uitleg van hierdie gelykenis moet daarom uit die verhaal en uit die verband afgelei word (Sien C).

---

### 3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

***Ontdek en bespreek.*** Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?
***Aantekeninge.***

**’n Koopman wat waardevolle pêrels soek.** “Die koopman” is ’n essensiële of relevante detail, omdat hy die mense wat die koninkryk van God soek, verteenwoordig. Hy verteenwoordig elke mens wat die allerbeste in die lewe soek om dit in die hande te kry! En as hy dit gevind het, dan is hy bereid om alles daarvoor op te gee ten einde dit te verkry.

**Pêrel. “**Die pêrel” verteenwoordig die Koninkryk van God en die onberekenbare groot waarde daarvan. Dit is ’n relevante detail. Volgens ander Bybelgedeeltes verteenwoordig “pêrels” iets wat heilig is en baie waardevol is. Byvoorbeeld, in Matteus 7:6 waarsku Jesus sy toehoorders om nie hul pêrels voor die varke (d.w.s. mense wat nie die waardevolle pêrels kan waardeer nie) te gooi nie, sodat hulle dit met hulle pote vertrap nie. Hulle moet nie wat heilig is voor die honde (d.w.s. mense wat nie die waardevolle pêrels kan waardeer nie) gooi nie, sodat hulle omspring en mense verskeur nie. Jesus leer dat Christene die verkondiging van die evangelie oor die koningskap van Jesus Christus voor die voete van mense te gooi wat dit steeds verwerp nie (Matteus 10:14-15,23). En Paulus waarsku die gemeente om nie ’n ouudste (ouderling, leier) aan te stel wat nie aan die vereistes voldoen nie (1 Timoteüs 3:1-7).

---

### 4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

***Bespreek.*** Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?
***Aantekeninge.***

**Die gelykenis van die baie waardevolle pêrel in Matteus 13:25-46 is ’n gelykenis oor “die koste om in die Koninkryk van God in te gaan”.**

**Die belangrike boodskap van die gelykenis is die volgende: “Die Koninkryk van God is so ’n waardevolle besit dat wanneer ’n mens dit vind, moet hy bereid wees om alles wat daarmee in stryd is, op te gee.**”

Ingaan in die Koninkryk van God is so waardevol dat elke offer die moeite werd is. Die pêrel was meer werd as alles wat die koopman besit het. “Die Koninkryk van God” is die erkenning dat God se koningskap in die hart en lewe van ’n Christen die hoogste goed in die lewe is! “Ek het vir die Here gesê: “ Ek behoort aan U, daar is vir my niks goeds nie behalwe by U” (Psalm 16:2). “Daar is niks in die hemel of op die aarde wat vir my meer beteken as U nie?” (Psalm 73:25). “Ingaan in die Koninkryk van God” beteken om deur geloof in Jesus Christus gered te wees en op hierdie wyse jou te onderwerp aan die soewereine heerskappy van God in jou lewe.

*Ingaan in die Koninkryk van God* is één van die fundamentele kenmerke van die onderrig van Jesus Christus aangaande die Koninkryk van God. Dit is absoluut noodsaaklik vir die verlossing. Die Koninkrykvan God is so waardevol dat jy

baie graag wil ingaan. Jy is bereid om jouself oor te gee en jou hele lewe te onderwerp aan die koningskap van Jesus Christus.

### 5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

***Ontdek en bespreek.*** Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?
***Aantekeninge.***

**Markus 10:17-27.** Die ryk jongman het baie hard geprobeer om die hele wet te onderhou, maar tog het hy nie geweet wat hy moes doen om in die Koninkryk van God in te gaan nie! Toe Jesus hom vertel dat hy al sy besittings moes verkoop en aan die armes gee om 'n volgeling van Jesus Christus te word, het hy hom van Jesus Christus afgekeer. Die koste was te hoog. *Hierdie ryk jongman was nie bereid om sy groot rykdom wat tussen hom en die navolging van Christus in bly staan het, op te gee nie.* Daarom het Jesus aan hom gesê: "Hoe moeilik is dit om in die Koninkryk van God te kom!"

**Handelinge 8:26-38.** Die hoë amptenaar aan die hof van die koningin van Etiopië het 'n lang, moeilike en gevaarlike reis na Jerusalem gemaak om die lewende God te aanbid. Hy het die waardevolle pêrel wat die Koninkryk van God verteenwoordig, gevind eers toe hy in die Bybel daarna gesoek het. Hy het Jesaja 53 gelees, maar nie verstaan nie. Toe Filippus hierdie Bybelgedeelte aan hom uitgelê het en die goeie nuus oor Jesus Christus vertel het, het hy in Jesus Christus gaan glo. *Hierdie regeringsamptenaar was bereid om sy hoë posisie as politieke leier te riskeer deur die Bybel te lees, Jesus Christus aan te neem en met water gedoop te word om so 'n volgeling van Jesus Christus te word.* Dit was die koste vir die politieke regeringsamptenaar om in die Koninkryk van God in te gaan.

**Handelinge 10:1-5,30-36.** Die militêre offisier, Kornelius, het die waardevolle pêrel wat die Koninkryk van God verteenwoordig, eers ontdek nadat hy dit in die godsdiens van die Ou Testament gesoek het. Hy het gereeld gebid en gawes aan die armes gegee. Toe Petrus die evangelie aan hom en sy familie en vriende verkondig het, het hulle gelowiges in Jesus Christus geword. *Hierdie militêre offisier was bereid om sy hoë posisie as militêre leier te riskeer deur die boodskap van die Bybel aan te neem om 'n volgeling van Jesus Christus te word*. Dit was die koste vir die militêre leier om in die Koninkryk van God in te gaan.

**Handelinge 16:14.** Lidia wat handel gedryf het met pers wolmateriaal het die pêrel wat die Koninkryk van God verteenwoordig, ontdek nadat sy dit in die godsdiens van die Ou Testament gesoek het. Sy was by die plek langs 'n rivier waar godsdienstige mense bymekaar gekom het, toe Paulus en sy medewerkers die Woord van God daar aan mense verkondig het. Die Here het haar hart vir die boodskap van Paulus oopgemaak. *Hierdie handelsvrou was bereid om haar bedryf en handel te riskeer deur die boodskap van die Nuwe Testament aan te neem om 'n volgeling van Jesus Christus te word.* Dit was die koste vir hierdie handelsvrou om in die Koninkryk van God in te gaan.

**Handelinge 17:10-12.** Jode en nie-Jode wat hul tot die Jodedom in berea bekeer het, het die waardevolle wat die Koninkryk van God verteenwoordig, ontdek toe hulle ywerig die boodskap van die Nuwe Testament in die Ou Testament in die Bybel bestudeer het en met mekaar bespreek het. Paulus het eers die evangelie aan hulle verkondig, maar daarna het hulle elke dag bymekaar gekom om Bybelstudie te doen om te sien of dit so was soos Paulus gesê het. Toe hulle ontdek het dat dit waar was, het hulle in Jesus Christus gaan glo. *Hierdie lede van die Joodse sinagoge, sowel manne as vroue, was bereid vervolging en lyding deur die Joodse godsdienstige leiers en hul landgenote te riskeer om 'n volgeling van Jesus Christus te word.* Dit was die koste vir hierdie Jode en godvresende mense uit ander volke om in die Koninkryk van God in te gaan.

---

## C. 'N SAMEVATTING VAN DIE BELANGRIKSTE ONDERRIG VAN DIE GELYKENISSE OOR DIE KOSTE OM IN DIE KONINKRYK VAN GOD IN TE GAAN

***Bespreek.*** Wat is die belangrikste onderwysings of boodskappe (lesse) van hierdie gelykenisse? Wat het Jesus Christus aan ons geleer om te *weet*, te *glo*, te *wees* en te *doen*?
***Aantekeninge.***

**(1) Die belangrike boodskap.** Die belangrike boodskap van hierdie twee gelykenisse oor "die kat in die saailand" en "die baie waardevolle pêrel" is die volgende: "Die Koninkryk van God is so waardevol dat 'n mens bereid moet wees om alles (ook alles wat nog in dis pad staan) daarvoor op te ten einde die Koninkryk in besit te neem." Die koste om in die Koninkryk van God in te gaan is om bereid te wees om alles wat in die pad staan of alles wat nie in ooreenstemming daarmee is op te gee. Sulke dinge byvoorbeeld die volgende wees: trots, ambisie, besittings, verhoudings of aktiwiteite. As één van hierdie dinge in die pad staan, dan moet dit opgegee word (sien Lukas 9:57-62; 14:25-33)! Om in die Koninkryk van God in te gaan is nie 'n maklike of goedkoop aangeleentheid nie. Die verlossing van mense het vir God die lewe van sy het enige en geliefde Seun, Jesus Christus, gekos. Daarom is ingaan in die Koninkryk van God ook geen goedkoop aangeleentheid vir Christene nie (sien Markus 8:31-38!).

**(2) Al wat belangrik is, is die soek, ontdek, vind en ingaan in die Koninkryk van God.**
Die hoogste prioriteit vir die mens is om in die koninkryk van God in te gaan! "Beywer julle (letterlik: soek) allereers vir die Koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal hy julle ook al hierdie dinge gee" (Matteus 6:33).

Tog is daar ’n verskil in die nadruk in hierdie twee gelykenisse. “Die gelykenis van die skat in die saailand” lê die nadruk op *die onberekenbare kosbaarheid van die verlossing van mense wat die Koninkryk van God gevind het sonder dat hulle daarvoor gesoek het!* En “die gelykenis van die waardevolle pêrel” lê die nadruk op *die onberekenbare kosbaarheid van die verlossing vir mense wat die Koninkryk van God gevind het nadat hulle daarvoor gesoek het!* Ongeag die feit dat ’n mens die Koninkryk onverwags ontdek het of dat hy daarvoor ywerig gesoek het, bly die vind van die Koninkryk van God die belangrikste opgawe in die lewe van elke mens!

As jy die Koninkryk van God nog nie ontdek of gevind het nie, begin dan onmiddellik daarna te soek! En as jy dit gevind het, gaan dan onmiddellik in! “Glo in die Here Jesus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin” (Handelinge 16:31). Die Koninkryk van God is meer werd dan wat jy ook al besit of doen. Mense wat weet waar die skat begrawe lê, sal met blydskap alles opgee om dit in besit te neem!

| 5 | **GEBED** (8 minute) ***[REAKSIES]*** **GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD** |
|---|---|

*Bid saam* met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

| 6 | **VOORBEREIDING** (2 minute) ***[OPDRAGTE]*** **VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS** |
|---|---|

*Deel* die voorbereiding vir die volgende keer op ’n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die koningskap van Jesus Christus te verkondig.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die gelykenis van “die skat in die saailand” en die gelykenis van “die baie waardevolle pêrel” saam met ’n persoon of ’n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer ’n halwe hoofstuk per keer uit **2 Samuël 11, 12, 13 en 24.** Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memorisering. **Herhaal** die laaste 5 Bybelverse uit Romeine wat jy uit jou kop geleer het: (1) Romeine 1:16, (2) Romeine 1:17, (3) Romeine 2:5, (4) Romeine 2:15, (5) Romeine 3:28.
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. **Romeine 3:21-31.** Maak gebruik van die vyf stappe-metode en maak kort aantekeninge.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifieks en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.